Hoërskool Wilgerivier
Frankfort

Posbus 16 • Markstraat • FRANKFORT • 9830
Tel: (058) 813 1010
• Faks: 0866 595 407 • E-Pos: wilgeskool@lantic.net

**2 Februarie 2024**

# MULTI GREEN / WILGERIVIER
# TOP 10-ATLETIEKBYEENKOMS
# D. P. DE VILLIERS STADION, SASOLBURG

**AAN: DIE SKOOLHOOF / ATLETIEKORGANISEERDER**

Die Multi Green / Wilgerivier Atletiekbyeenkoms word volgende jaar weereens geborg deur Multi Green – baie dankie aan Multi Green wat bereid is om die talent van ons jeug te bevorder en sonder voorbehoud bereid is om in dié byeenkoms, en ons jeug, te belê. Dié byeenkoms sal, soos verlede jaar, die MULTI GREEN BYEENKOMS genoem word.

Die Sameroeper van die Keurders van die Vrystaatspan, me. Madri Harmse, het die versekering gegee dat hierdie byeenkoms steeds een van die kwalifiserende byeenkomste is vir die kies van die Vrystaatspan na die S.A. Kampioenskap.

Op **WOENSDAG, 28 FEBRUARIE 2024,** is dit Hoërskool Wilgerivier se voorreg om die MULTI GREEN / Wilgerivier Atletiekbyeenkoms aan te bied. Hiermee word u hartlik uitgenooi na die 7de MULTI GREEN byeenkoms wat **OP DIE D. P. DE VILLIERS STADION, SASOLBURG, aangebied word, vanaf 09:00 tot 16:00.**

VERVOLG BL 2…./

Hoërskool Wilgerivier
Frankfort

HOËRSKOOL WILGERIVIER FRANKFORT
ARBEID VEREDEL DIE GEES

Posbus 16 • Markstraat • FRANKFORT • 9830
Tel: (058) 813 1010
• Faks: 0866 595 407 • E-Pos: wilgeskool@lantic.net



Die byeenkoms vind plaas in twee afdelings, nl. hoërskole bo 400 leerders (A-afdeling) en hoërskole onder 400 leerders (B-afdeling). Die kompetisie is in spanverband in die ouderdomsgroepe: 0/15, 0/17 en 0/19. Skole in Gauteng en Noordwes gaan ook genooi word, maar hulle sal nie kan kwalifiseer vir die Vrystaatspan na die S.A. Kampioenskap nie, aangesien hulle deel uitmaak van 2 ander provinsies.

Indien u sou belangstel, voltooi slegs die antwoordstrokie, en Epos, dit na bogenoemde adres, voor of op **9 Februarie 2024. DIT IS DIE FINALE DATUM VIR SKOLE OM IN TE SKRYF!! HOU ASSEBLIEF BAIE STRENG BY DIÉ KEERDATUM!**

Daarna sal u volledige inligting ontvang.

Dit is vir ons 'n voorreg om u by voorbaat welkom te heet.

**Atletiekgroete.**

*Spanjool Wessels*

**MNR. SPANJOOL WESSELS**
**SPORTORGANISEERDER**
083 262 1658

Die Intelligente Keuse

# Hoërskool Wilgerivier Frankfort

Posbus 16 • Markstraat • FRANKFORT • 9830
Tel: (058) 813 1010
• Faks: 0866 595 407 • E-Pos: wilgeskool@lantic.net

**ANTWOORDSTROKIE**
**MULTI GREEN / WILGERIVIER ATLETIEKBYEENKOMS**
**22 FEBRUARIE 2023**

# KEERDATUM: VRYDAG, 9 FEB. 2024

***U MAG HIERDIE KEERDATUM NIE OORSKRY NIE!!!!!!!***

**Hiermee neem:**

**SKOOL:** ..........................................................................................

**TEL NO.** ....................................... **FAKS NO.** ...................................

**E-POS:** ..........................................................................

**SEL. NO:** ...................................................

**Uitnoding AAN:** ☐

**A-AFDELING** ☐

**B-AFDELING** ☐

**NIE aan NIE:** ☐

**HANDTEKENING : SKOOLHOOF / ATLETIEKORGANISEERDER**

*Die Intelligente Keuse*